# Die Penniefluitjie



*Liewe Maats,*

Ek hoop julle is lekker uitgerus na al die vakansiedae – dit was darem regtig baie so saam met die vakansie! Ten minste het julle nou genoeg tyd gehad om Lukas se storie klaar te lees ook!

Julle onthou nog dat dit "Jaar van Gebed" is en dat julle kort gebedjies mag instuur wat ons in die **Penniefluitjie** wil sit, hoop ek! Onthou om jou naam en die graad waarin jy is, by te skryf.

Verlede kwartaal het ons gesien julle het die afsluitingsdag só geniet, dat ons besluit het om van nou af te probeer om elke kwartaal iets lekkers so as 'n groep saam te doen. Die foto's wat ons geneem het, is hierdie keer deel van die **Penniefluitjie**, sodat die Mammas en Pappas kan sien hoe lekker julle gewerk het!

Op Goeie Vrydag is daar reeds van die Graad 5-klas se houtkruise gebruik in die kerkdiens en in die Gesinsdiens op 14 Mei is van die ander kruise uitgestal in die Kerk. Dit was regtig baie spesiaal. Ons gaan die kruise nou verder gebruik om die saal se mure 'n bietjie mooi te maak.

Ek hoop julle het sommer 'n lekker Moedersdag op 14 Mei saam met die Mammas en Oumas gehad en dat elkeen darem 'n spesiale takie vir Mamma verrig het!

Ek hoop dit gaan sommer baie goed met al die netbal en rugby nou by die skool, en krieket ook!


Tot volgende keer,

Groete in Jesus

**Tannie Lita**

*Liewe Maats,*


*Mag julle elke dag die liefde van Jesus ondervind en dit uitdra aan ander.*



**Liewe Ouers,**

Ons waardeer dit dat u die moeite doen om u kind aan die Kleuterkerk, Kinderkerk en Kategese te laat deelneem.
Ons as gemeente is baie lief vir ons kinders en sal graag alles in ons vermoë doen om hulle meer van hul Verlosser Jesus te leer.

Kategesegroete, Ds Tait




Geanker in Jesus

*__Antwoorde van diere in Palestina:__*


*Bere: Donkie: Kamele: Bokke: Leeu*

Kyk wat als hier vir Pieter wegkruip!



Pieter was op ‘n ontdekkingsreis.
Kyk of julle kan sien waarmee het hy gereis!
Sommer ver oor die wêreld heen
Het Pieter se reise hom geneem.
Neem nou jou kryte
En kleur die prentjie in
En sommer gou-gou
Laat Pieter jou by sy geheime in!

Hier is 'n blokraaisel vir die groter kinders – die antwoorde sal in die volgende **Penniefluitjie** verskyn.  Kyk of julle die antwoorde kan kry deur die vrae hieronder te beantwoord.




**AF:**

- Wie het die ark gebou?
- Hoeveel dissipels het Jesus gehad?
- ……………………….**.**die Doper
- Job het sy dae op die ……hoop deurgebring
- 'n Berg in die Ou Testament
- Waaraan het Jesus gehang?


**DWARS:**

- Hoeveel plae was daar?
- Wie was in die biesiemandjie?
- Noem een van Noag se seuns
- Waarvoor moet ons elke dag om vergifnis vra?
- Waarin is lengte in daardie tyd gemeet? (nie meter nie)
- Wie was in die vis se maag?
- In hoeveel dae het God die heelal geskep voor Hy gerus het?
- Hoeveel dissipels het oorgebly nadat Judas Jesus verraai het?

# Toets jou kennis oor diere in Palestina…

Met hierdie oefening kan die ouers gerus bietjie help!
Palestina was nie die droë woestyn wat mens normaalweg dink dit is nie – hoe verder noord, hoe mooier die plantegroei, wat dus meer diere ook beteken het.
Kyk of jy van hulle ontsyfer kan kry:





| | |
|---|---|
| Hulle het van Sirië af gekom, was bruin en het gewoonlik in die heuwelagtige, beboste gedeeltes geleef. (Dan 7:5) | ……………………..(4 letters) |
| 'n Pakdier wat van Noord-Afrika afkomstig was. (Jes 1:3) | ……………………….(6 letters) |
| Hulle kon 180 kg en hul eienaar dra en die Israeliete het nie hul vleis geëet nie. (Deut 14:6) | ………………………..(6 letters) |
| Hulle hare is gevleg om matte te maak en hulle velle om waterbottels of skoene te maak. (Lev 16:5) | ……………………….(5 letters) |
| Hierdie een word gewoonlik met konings, krag en partykeer met gouestroop / heuning geassosieer. (Rig 14:8) | ……………………..(4 letters) |

Identifiseer die diere tussen die onderstaande prentjies:

